Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za Posbus 12009 1418
Webwerf: laerskoolelspark.co.za Tel: (011) 893-2024/5

2025-04-23

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN APRIL 2025

### WELKOM TERUG – MNR. PRETORIUS

Welkom terug by die skool. Ons vertrou dat u 'n aangename vakansie saam met u kinders geniet het. Ons kinders en personeel is reeds hard aan die werk en ouers hardloop reeds rond om almal oral betyds te kry.

Dankie weereens vir die ondersteuning wat u aan ons skool gaan gee in hierdie kwartaal. Mag die skool ook dan sover moontlik aan almal se verwagtings en eise voldoen.

***NB! – Vakansiedae - 2de kwartaal***

| | | |
|---|---|---|
| 27 April | - | Vryheidsdag |
| 28 April | - | Publieke vakansiedag |
| 29 April | - | Skoolvakansiedag |
| 30 April | - | Skoolvakansiedag |
| 1 Mei | - | Werkersdag |
| 2 Mei | - | Skoolvakansiedag |
| 16 Junie | - | Jeugdag |

***Let asb daarop dat Vrydag, 25 April 2025***
***'n normale skooldag is en dat die skool normale tyd verdaag.***

### NASKOOL – ME Mc KENZIE

Let asb. daarop dat die naskoolsentrum op die volgende dae gesluit sal wees a.g.v. vakansiedae:

| | | |
|---|---|---|
| 27 April | - | Vryheidsdag |
| 28 April | - | Publieke vakansiedag |
| 29 April | - | Skoolvakansiedag |
| 30 April | - | Skoolvakansiedag |
| 1 Mei | - | Werkersdag |
| 2 Mei | - | Skoolvakansiedag |

Die naskoolsentrum funksioneer weer soos normaal vanaf 5 Mei 2025. Die sentrum sluit om 17:30 in die middae, ons versoek dat ouers asb. betyds leerlinge sal oplaai.

Gelde moet asb. vooraf betaal word. Alle agterstallige naskoolrekeninge moet ook vereffen word.

## EKSAMEN – MNR I. MULLER

Die eksamen begin reeds 2 Junie 2024. Die afbakening en eksamenrooster sal in Mei aan die ouers uitgestuur word.

## SELFOONGEBRUIK – ME BRITZ

Die doel van 'n selfoonbeleid is om 'n leeromgewing te skep wat bevorderlik is vir akademiese en persoonlike groei, deur afleidings en moontlike probleme wat deur selfone veroorsaak word, te verminder.

- Geen selfoon en/of ander elektroniese kommunikasie-apparate mag gedurende klastyd gebruik word nie. Alle selfone moet weggebêre wees in die baadjiesak of skooltas.
- Indien die leerder 'n dringende oproep sou verwag, moet sodanige leerder 'n reëling met die betrokke onderwyser tref wat hom/haar toestemming verleen om die selfoon aangeskakel te hou. So 'n leerder moet dan buite die klas die oproep neem.
- Selfone en/of ander elektroniese kommunikasie-apparate mag nie as sakrekenaars aangewend word nie.
- Geen leerder word toegelaat om musiek deur middel van 'n selfoon, ipod of enige apparaat gedurende klastyd, toets- en eksamensessies, toesigperiodes of detensie te luister nie. Geen oorfone mag gebruik word nie.
- Alle selfone en/of ander elektroniese kommunikasie-apparate moet afgeskakel wees wanneer 'n leerder in die klas is.
- Die skool neem geen aanspreeklikheid vir enige selfoon of ander elektroniese kommunikasie-apparaat wat op die skoolterrein wegraak nie. Dit bly die leerder se eie verantwoordelikheid.
- Dit sal as 'n ongerymdheid beskou word as 'n leerder 'n selfoon en/of ander elektroniese kommunikasie-apparate tydens klastoetse of eksamens in die lokaal gebruik.
- Selfone en/of ander elektroniese kommunikasie-apparate moet gedurende toets- of eksamensessies afgeskakel wees en in die leerder se tas of sak voor of agter in die lokaal wees. Smart horlosies mag dan glad nie gedra word nie.
- Geen personeellid of enige insident by die skool mag afgeneem word nie. Enige beeldmateriaal wat vir die skool 'n verleentheid is, sal as ernstig beskou word.
- Indien 'n leerder herhaaldelik die selfoonbeleid oortree, sal verdere dissiplinêre maatreëls oorweeg word, insluitend vergaderings met ouers en moontlike skorsing.
- Slegs amptelike WhatsApp groepe wat deur die skoolbestuur goedgekeur is, mag vir skoolverwante kommunikasie gebruik word.
- Hierdie groepe is bedoel vir die deel van belangrike inligting, aankondigings, en kennisgewings met ouers en personeel.

- Alle deelnemers moet die groepe met respek en hoflikheid gebruik. Onwelvoeglike, beledigende, of irrelevante boodskappe sal nie geduld word nie.
- Ouers en personeel moet bydraes beperk tot relevante skoolonderwerpe en sake.
- Indien enige ouer 'n probleem of klagte het, moet dit direk aan die skoolbestuur gerapporteer word eerder as om dit in die groep te bespreek.
- Leerlinge mag nie hul eie WhatsApp groepe stig of bedryf vir skoolverwante doeleindes nie.
- Die skool neem **geen verantwoordelikheid** vir enige onwelvoeglike gedrag wat in leerders se persoonlike groepe plaasvind nie.
- Ouers bly verantwoordelik vir dit wat op leerlinge se selfone gestoor en gestuur word. U word dus aangemoedig om gereeld u kind se selfoon na te gaan en skermtyd te beheer.
- Deelnemers moet versigtig wees met die deel van persoonlike of sensitiewe inligting in die groepe.
- Die skool behou die reg voor om aksie te neem teen enige persoon wat die vertroulikheid van die groepe skend.

***Voltooi asb. die skeurstrokie i.v.m selfoongebruik en stuur dit na u kind se klasonderwyser.***

## WINTERSDRAG – ME BRITZ

Tradisioneel begin ons met die dra van wintersdrag op 1 Mei. Leerlinge is dus welkom om vanaf 5 Mei, wanneer die skool heropen, hulle wintersdrag te dra. Daar sal 'n oorgangstydperk wees maar vanaf 12 Mei is wintersdrag verpligtend. Dit sluit dan ook die dra van 'n sweetpak op 'n Vrydag in.

<u>Wintersdrag vir seuns</u>:
Grys langbroek met blou skoolkouse en swart skoolskoene.
Wit langmouhemp met skooldas (Boonste knoop vas)
Blou skooltrui of "pullover" met swart wintersbaadjie of skoolblazer.

<u>Wintersdrag vir dogters</u>:
Grys langbroek met blou skoolkouse en swart skoolskoene
Wit langmouhemp met skooldas (Boonste knop vas)
Blou skooltrui of "pullover" met swart wintersbaadjie of skoolblazer.
Dogters mag ook rompe saam met die wit hemp dra.

***Neem kennis***. Geen skoolsweetpakbaadjie of enige ander baadjie mag in die week gedra word saam met winterklere nie.

Geen lang sykouse mag deur dogters gedra word nie. Skoene is verpligtend saam met wintersdrag. Geen tekkies.

## KLEREBANK – ME VAN DYK

Die klerebank is oop op Dinsdae en Donderdae vanaf 7:30 tot 10:00. Enige skenkings van ou skoolklere sal baie waardeer word.

Neem asb. kennis dat ou items wat geruil word 'n koste van R10 per item sal hê. Klere wat gekoop word en terug gebring word omdat die grootte verkeerd is sal geen koste hê nie.

## ELSIEGEAR – GOOD SOLUTIONS




## FONDSINSAMELING – ME T. GROBLER

Dankie vir die positiewe ondersteuning Daar is net nog 13 dae om jou vol lys in te handig en n kans te staan om kontant, "hampers" en 'n naweek wegbreek te wen.

Leerlinge wat vandag 23 April tot 9 Mei hul vol lyste inbring kom Vrydag, 9 Mei met "Funky Hare" skooltoe.



Daar sal ook weer pryse aangekondig word vir die klasse wat vanaf 22 April tot 9 Mei die meeste geld inbetaal.

Indien iemand 'n kontak het met instansies wat vir ons springkastele kan borg of donasies kan skenk, kontak asb. vir Me T. Grobler. U hulp en ondersteuning word waardeer.

***NB!!!! Onthou fondsinsameling gelde word aangewend ten bate van ons skool en ons leerlinge.***

## MNR EN MEJ ELSPARK – ME FOURIE

Dit is weer Mnr. en Mej. Elspark tyd. Mnr. en Mej. Elspark word in 2 dele verdeel, uitdunne en finale. Leerders van graad R tot graad 7 mag deelneem.

Uitdunne: 18 Junie 2025
Tyd: Skooltyd
Kleredrag: "Tutus and Ties"
Inskrywingsgelde: R30

Finaliste wat aangekondig word sal deurdring na die finale wat in Kwartaal 3 sal plaasvind. Inskrywingsgelde is betaalbaar by Me. D. Fourie of register personeel.

Indien daar enige ouer of instansie bereid is om ons te borg met pryse vir die finale sal dit waardeer word, u kan 'n epos stuur aan demi@elsies.co.za. Voltooi asseblief die onderstande skeurstrokie.

## WÊRELDBOEKEDAG – ME BOTHA




Vrydag 25 April 2025, vier ons Wêreldboekedag by Laerskool Elspark! Ons nooi alle leerders uit om hul *R10* saam te bring en aan te trek soos hul gunsteling storieboekkarakter/gewone klere.

By Laerskool Elspark glo ons dat lees die sleutel tot sukses is, en daarom wil ons hierdie spesiale dag op 'n prettige en kreatiewe manier vier!

Gebruik wat julle reeds by die huis het en wees lekker kreatief! 'n Bietjie grimering, 'n ou hoed of selfgemaakte bykomstighede.

Kom ons maak hierdie dag een om te onthou - vol verbeelding, storiepret en leesliefde!

## OUMA- EN OUPADAG – ME H. GROBLER

Gr 1 tot Gr 3 leerlinge se oumas en oupas word hartlik uitgenooi na die Grondleggingsfase se Ouma- en Oupadag.

Datum: 28 Mei 2025
Tyd; 09:00 tot 11:30
Bedrag: R60 per persoon

Skeurstrokies en gelde word ingehandig by Me H. Grobler. Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons!

## RUGBY- EN NETBALFOTO'S – ME E. ERASMUS

Datum: 20 Mei 2025
Koste: R35 per foto

- Maak seker jou klere is by die skool.
- Bestellings en betalings moet by afrigter geplaas word of bewys van EFT betaling moet aan Afrigter gestuur/gewys word.

## MINI-NETBAL – ME T. GROBLER

Die mini-netbal dogters is hard aan die oefen en slaggereed om die vaardighede wat hul aanleer, toe te pas in wedstryde.

Voorlopige wedstryddatums:

| | | |
|---|---|---|
| 24 Mei | : | 0/7 – 0/9 te Laerskoolskool Elspark |
| 31 Mei | : | 0/7 – 0/9 te Laerskool Westwood |
| 7 Junie | : | 0/7 – 0/9 te Laerskool Brentwood |
| 17 Junie | : | 0/7 – 0/9 te Laerskool Delville |

Verdere datums sal aan u deurgegee word soos ons dit ontvang. Ons sien uit na 'n wonderlike, suksesvolle seisoen.

## NETBAL– ME DU TOIT

***Liga datums*** :

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 Mei | vs | Dalview | weg |
| 13 Mei | vs | Jan van Riebeeck | weg |
| 14 Mei | vs | Genrl. Alberts | weg |
| 20 Mei | vs | Edleen | tuis |
| 30 Mei | | Ekurhuleni Uitspele | |
| 2 Junie | | D6 uitspele | |
| 4 Junie | | Ekurhuleni B vs Distik wenners | |
| 5 Junie | | Ekurhuleni uitspele | |

## NETBAL C-SPANNE – ME BOTHA

***Wedstryd datums*:**

6 Mei – Vriendskaplik
0/9 – 0/13 C spanne vs Alberview ( tuis)

13 Mei – Vriendskaplik
0/9 – 0/13 C spanne vs L/s Jan Van Riebeeck ( tuis)

## ROOIVALKIES – MNR WEIDEMAN

Rooivalkies speel nie meer "tag rugby" nie. Die 0/7 en 0/8 spanne speel "tackle rugby".

O/7 Seuns oefen Woensdae en Donderdae 13:00 tot 14:00.
Alle 0/7 seuns mag kom deelneem.

O/8 Seuns oefen Woensdae en Donderdae 13:30 tot 14:30.
Alle 0/8 seuns mag kom deelneem.

***Volgende Valkiedae*:**

| | |
|---|---|
| 10 Mei | te Faramere Primary |
| 17 Mei | te Witfield |
| 24 Mei | te Laerskool Elspark |
| 31 Mei | te Laerskool Westwood |
| 7 Junie | te Laerskool Brentwood Park |

## RUGBY – MNR BOTHA

Ons rugby ligas het reeds begin.

***Belangrike datums vir kwartaal 2*:**

| | | |
|---|---|---|
| 6 Mei | Rugby liga vs Selection Park | tuis |
| 13 Mei | Rugby liga vs Van Dyk | tuis |
| 20 Mei | Rugby liga vs Laerskool Dalview | tuis |

| | | |
|---|---|---|
| 27 Mei | Rugby liga vs Kempton Laer | weg |
| 3 Junie | Rugby liga vs Laerskool Edleen | Tuis |
| 10 Junie | Rugby liga uitspeel wedstryde | |
| 17/18 Junie | Rugby liga semi-finale | |
| 24 Junie | Rugby liga finale | |

## LANDLOOP – ME BOTHA

Superreeks: 26 Junie 2025

Superreeks is om die draai! Atlete moet seker maak hulle is gereed – begin solank met oefeninge tuis en bou uithouvermoë.

Landloop oefening begin Maandag die 2de Junie.

## HENGEL – MNR PJ MULLER

Kompetisie:

| | |
|---|---|
| Datum: | 10 Mei |
| Waar: | Ashton Lake<br>Springs |

## SKAAK – ME FANOE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandae tot Woensdae | Gr 3 tot 7 | 13:40 - 14:30 | in die saal. |
| Donderdae | Gr.1 en 2 | 13:40 - 14:30 | in juf. Fanoe se klas. |

***Die datums vir die Spankompetisies is as volg.***

- 16 Mei- Superreeks (net 0/11 gemengde span) – Inligtingsbrief sal uitgaan.
- 17 Mei – Van Dyk Primary (Alle spanne)

## BOOGSKIET – ME JACOBS

***Belangrike datums:***

| | |
|---|---|
| 10 Mei | Laerskool Elspark<br>Kolle en 3D kompetisie<br>Sluitingsdatum: 3 Mei<br>Koste: R75 – Kolle, R75 – 3D en R150 vir albei |
| 17 Mei | Spartan Kolle kompetisie<br>Plek sal nog bekend gemaak word<br>Sluitingsdatum: 9 Mei<br>Koste: R75 |

24 Mei Klub Inyathi kolle kompetisie
Randfontein
Sluitingsdatum: 16 Mei
Koste: R75
Eie vervoer – geen busvervoer

31 Mei Noord Gauteng kolle kompetisie
Centurion
Sluitingsdatum: 23 Mei
Koste: R75

Die opening van ons nuwe oefenbaan sal binnekort op Facebook geadverteer word.

**JNR KOOR – ME NELL**

Kooroefening vind plaas op:
Donderdae middae in die saal vanaf 13:30 tot 14:15.

Suksesvolle kandidate het reeds hulle briefie ontvang.

**SNR KOOR – ME BADENHORST**

Oefening het reeds begin.

Donderdae:
14:00 - 14:15 Opwarming in Me. C Badenhorst se klas (by die kleuterskool)
14:15 - 15:00 Oefen in die skoolsaal

**REDENAARS – ME NELL**

**ATKV Redenaars 2025**
Baie sterkte aan ons ATKV deelnemers wat 25 en 26 April 2025 deelneem by Hoërskool Hans Moore. Ons is trots op julle wat Laerskool Elspark verteenwoordig.

**Afrikaanse Redenaars**
Afrikaans Redenaars eerste uitdunrondte vind plaas 5-8 Mei in die klaskamer. Suksesvolle kandidate sal 'n briefie ontvang vir die volgende uitdunrondte.

Temas en tye geskied volgens die ATKV vereistes. Dit is as volg.
Gr.1-3 Klei / stem / beweeg (2-4 min)
Gr.4-5 Streep / resep / vloek (3-5 min)
Gr.6-7 Kits / spiraal / ritme (4-6 min)
Vir verdere navraag kan 'n epos gestuur word aan Me B Nell by bonita@elsies.co.za

## ELSIEWOOD EISTEDDFOD – ME MITTON

Ons hou weer vanjaar ons eie kunswedstryd.

| | |
|---|---|
| Plek: | Laerskool Elspark<br>Skoolsaal en Mediasentrum |
| Tyd: | Direk na skool |
| | |
| Datum: | 23 en 24 Junie |
| Koste: | R50 per item<br>(Sluitingsdatum vir inskrywings – 23 Mei 2025) |

Ons het vanjaar ook 'n kuns-afdeling. Prospektus is beskikbaar by Me Mitton. Indien u enige navrae het, is u welkom om haar te kontak op tania@elsies.co.za

## VOORTREKKERS – ME LAUBSHER

| | |
|---|---|
| Waar: | NG Kerk Elspark |
| Datum: | 24 Mei |

Die Voortrekkers bied speletjies aan by Kerk se kermis. Almal is welkom

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof

SAJWV - SAHGCA
HEIDELBERG
75 SA JAGTERS/HUNTERS

Aandag alle Elsies!

SAJWV Heidelberg nooi julle graag om ons junior skietdag saam met ons te kom geniet op die 28ste Junie 2025.

Ons beoog om ons kinders meer te leer van vuurwapen hantering en vuurwapen veiligheid. Ons gaan ook bietjie pretskiet waar hulle 'n verskeidenheid van tabelle en teikens gaan skiet.

Indien julle belangstel kontak ons gerus vir meer inligting.

| | |
|---|---|
| Tanya<br>082 612 5548 | Pieter<br>082 878 2962 |

---

***SKEURSTROKIE***
***SELFOONGEBRUIK***

Ek, ______________________________ ouer/voog van ___________________________
Graad ______ neem kennis van bogenoemde skrywe en onderneem om verantwoordelikheid te neem vir my kind se selfoon.

| Handtekening van ouer | Datum | Kontaknommer |
|---|---|---|

---

**SKEURSTROKIE**
**MNR EN MEJ ELSPARK**

Hiermee gee ek ouer/ voog van ______________________ in gr. ________ toestemming om deel te neem aan Mnr. en Mej. Elspark.

- [ ] Afdeling A: Mej. Elsparkie (Gr. R)
- [ ] Afdeling B: Mnr. Elsparkie (Gr. R)
- [ ] Afdeling C: Mej. Elspark Jnr. (Gr. 1 – 3)
- [ ] Afdeling D: Mnr. Elspark Jnr. (Gr. 1 – 3)
- [ ] Afdeling E: Mej. Elspark Snr. (Gr. 4 – 7)
- [ ] Afdeling F: Mnr. Elspark Snr. (Gr. 4 – 7)

| Handtekening van ouer | Datum | Kontaknommer |
|---|---|---|

---

***SKEURSTROKIE***
***OUMA- EN OUPADAG***

Ek, ______________________________ ouer/voog van ___________________________
Graad __ neem kennis van bogenoemde skrywe en wil graag ______ (aantal kaartjies) aankoop.

| Handtekening van ouer | Datum | Kontaknommer |
|---|---|---|